# Brokkies Nuus—Brenties
## 3de Kwartaal 2016

**As jy as ouer graag wil betrokke raak by hierdie bediening, hetsy tyd, vaardighede of finansieel, kontak ons gerus.**

HOPE EXPLOSION YOUTH MINISTRIES

"Be a light in the dark world, for Jesus!"

### *Gr 1— Eendag as ek groot is …….*

wil ek 'n leeutemmer en brandweerman wees soos Daniel en sy 3 vriende wat opgestaan het vir hulle geloof. Of "ek wil 'n Rocket scientist wees" wat so slim is soos koning Salomo. Salomo was nie net slim nie, hy was wys ook. "Wysheid begin met die dien van die Here" Of "ek wil 'n Rockstar wees" soos Koning Dawid wat God geloof en prys het met sy stem en sy liedtjies.










<u>*WEL? Wat dink JY? Wie IS Jesus??*</u> Gr 2 het van Jesus se gelykenisse ontdek in die Bybel. Die werker met die groot skuld leer dat ons 70 x 7 moet vergewe. Die lelies en die voëls leer dat ons nie bekommerd moet wees oor more nie, God sal sorg. Die wyse en dwase bouer leer dat ons ons "huis" op die Rots moet bou, want dan sal ons vas staan as die storms van die lewe ons wil omslaan.












### *Graad 3—Hoop vir Kinders*

Saam het ons op 'n praktiese manier geleer dat sonde ALLES is wat ons dink, doen en sê wat God nie van hou nie….. As mens doen ons elke dag sonde, en is dit daarom onmoonlik om onsself te red. Maar gelukkig het God 'n "plan" gemaak en Sy enigste Seun aarde toe gestuur om aan die kruis vir jou en my dood te gaan! Hy het na 3 dae opgestaan en is nou in die Hemel en maak 'n plekkie vir ons gereed om eendag saam met Hom te lewe. Wat 'n wonderlike heerlike wete !!!!







**Dankie vir jou gebede en ondersteuning !**

**Seengroete,**
**Juanita Lee**
**072 637 4882**